

# MIDSTREAM COLLEGE

Omsendskrywe 16/2023
2 November 2023

☎ 012 661 2341
college@midstreamcollege.co.za

# SKOOLSAKE

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Wat ‘n verskil maak een punt nie … ek hoop julle almal kan deel in die opwinding, spanning, vreugde en nasietrots wat deel was van die Springbokke se vierde verowering van die Webb Ellis-trofee. Met die wêreld wat op sy kop gedraai het en oorloë wat hoogty vier, glo ek die Springbokke het weer hoop na Suid-Afrika gebring. Mag ons land en sy mense hierdie samehorigheid koester.

*Success is the result of perfection, hard work, learning from failure, loyalty, and persistence.*
*- Colin Powell*

Die matrieks is reeds voluit besig met hul eindeksamen en die graad 8- tot 11-leerders begin volgende Donderdag. Ek hoop hulle sal almal die vrugte van hul harde werk en deursettingsvermoë pluk. Colin Powell, Amerikaanse Staatsekretaris, lig ook lojaliteit uit as een van die voorvereistes van sukses. Gevolglik wil ek graag ons lojale onderwysers, ouers en leerders salueer, sonder julle sou ons nie die hoogtepunte bereik het, waarmee ons tot dusver in 2023 geseën is nie.

Tussen die akademiese voorbereiding was daar weliswaar genoeg geleentheid vir leerders om ook te ontspan. Geluk aan die graad 10’s wat hierdie jaar ons graadgeesgeveg gewen het. Ons het gisteraand ook ‘n baie suksesvolle Kersfeessosiaal gehad en die Midstreamraad is optimisties dat hul ons werkersmag weer hierdie jaar met ‘n besondere Kersfeesbonus kan beloon. Dankie aan almal wat so ruim tot hierdie projek bygedra het. Ek vertrou ook dat die leerders en onderwysers vanaand se aandskool en veral more se afdag sal geniet.

Op ’n kultuurnoot wil ek graag elke onderwyser, leerder en ouer bedank wat ’n hand in ons uiters suksesvolle (p)Articipate gala-aand gehad het. Indien u nie daar was nie, het u vir seker een van die College se kultuurhoogtepunte van die jaar misgeloop. Daar was algemene konsensus dat dit een van ons beste gala-aande tot op datum was en dat al die leerders betrokke dit vir seker geniet het. Op ‘n sportnoot, baie geluk aan ons o. 14- en o. 15-sagtebalspanne wat hul onderskeie ligas gewen het.

Ten slotte is dit moeilik om te glo dat dit vandag reeds 2 November is. Soortgelyk aan September (septem – 7), Oktober (octo – 8) en Desember (decem – 10) was November (ontleen uit Latyn: novem - 9) die negende maand in die antieke Romeinse kalender. Die laaste vier maande het almal hul name behou met die toevoeging van Januarie en Februarie tot die Romeinse kalender. As julle gevolglik voel of ons steeds in die negende maand van die jaar moet wees, is julle nie heeltemal verkeerd nie. 😊 Geniet die laaste twee maande van 2023!

# AKADEMIE

## AFRIKAANS JUNIOR OLIMPIADE

**Afrikaans Eerste Addisionele Taal**

Die volgende leerders het onder die top-50 in hierdie nasionale olimpiade geëindig: Luke Reyneke, Herman Lubbe en Duné Janse van Rensburg. Michaela Goodchild het die top-20 gehaal en Lisa Strauss was algeheel tweede in die land.

**Afrikaans Huistaal**

Lin-Mari Rudolph en Wiehan Visser was onder die top-50, en Lisa Rautenbach onder die top-20.

## BEELD KREATIEWE SKRYFKOMPETISIE

Baie geluk aan Marco van der Westhuizen met sy derde plek asook Joubert Bekker en Tshepi Mokoena met hul top-10-posisies in hierdie Afrikaans Eerste Addisionele Taal-kompetisie.

## AKADEMIESE TOP-3

Gebaseer op die jaarpunte is die top-3 per graad soos volg:

**Graad 8**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Lisa Strauss | 95.62% |
| 2. | Lisa Rautenbach | 94.92% |
| 3. | Angelique van Rensburg | 94.08% |

**Graad 9**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Lin-Mari Rudolph | 96.92% |
| 2. | Lené Liebenberg | 94.00% |
| 3. | Elmien van der Walt | 93.77% |

**Graad 10**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Renate Maré | 97.86% |
| 2. | Jenhara Rooplall | 95.86% |
| 3. | Lucka Nieuwenhuis | 94.71% |

**Graad 11**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Cara-Renette Ponting | 96.29% |
| 2. | Danielle Rossouw | 94.29% |
| 3. | Karla Alberts | 93.14% |

**Graad 12**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Jean Blignaut | 93.43% |
| 2. | Marco van der Westhuizen | 92.00% |
| 3. | Tertius Dekker | 91.43% |

## NOVEMBEREKSAMENREËLINGS: GRAAD 8 – 11

Neem asseblief kennis van die volgende reëlings:

- Leerders moet 30 minute voor die aanvang van die sessie reeds by die eksamenlokaal wees.
- Gewone skoolreëls (wat voorkoms insluit) is van toepassing vir die duur van die eksamen.
- Slegs in geval van ernstige siekte kan leerders van 'n vraestel verskoon word. 'n **Mediese sertifikaat** moet so spoedig moontlik daarna by die hoof van akademie ingehandig word.
- Leerders mag nie die volgende by hulle hê nie: notas, 'n selfoon of 'n slimhorlosie.
- Leerders het twee geleenthede om hulle gemerkte antwoordstelle te kontroleer, te wete 27 November (10:00 – 12:00) en 4 Desember (07:30 – 08:30).

Baie sterkte met die eksamen.

## 2023 GRAAD 12-UITSLAE

Hierdie uitslae sal op Donderdag 18 Januarie 2024 tussen 08:00 en 09:00 by die skool beskikbaar wees.

## 2024 GRAAD 12-IEB FINALE EKSAMEN

Die Onafhanklike Eksamenraad het hulle eksamenfooi vir volgende jaar se Nasionale Seniorsertifikaateksamen bekend gemaak. Dit beloop R8 605 per kandidaat. Addisionele vakke word teen R1 490 per vak gehef, Further Studies Mathematics (Standard – slegs Vraestel 1) teen R843 en Further Studies Mathematics (Extended – Vraestel 1 & 2) teen R1 235. Huidige graad 11-ouers word versoek om daarvoor te begroot aangesien u rekening volgende jaar dienooreenkomstig gedebiteer sal word.

# KULTUUR

## CENTURION KUNSTEFEES

Beide die ensemble en revue is as die algehele wenners in hul onderskeie katetegorieë aangewys – die revue vir die tweede agteropeenvolgende jaar.

## ERKENNING VAN NIE-SKOOLKULTUUR

Ons wil graag erkenning gee aan leerders wat in nie-skoolkultuuraktiwiteite uitblink. U is welkom om enige bewys, inligting en sertifikate aan die hoof van kultuur, dr Steyn de Bod (sdebod@midstreamcollege.co.za) te stuur.

### MUSIEK

Joshua Cachia het sy Trinity College of London Graad 2-kitaareksamen met meriete geslaag en Anika Malan het haar ABRSM Graad 8-klaviereksamen voltooi.

### SANG

Shené Alston het aan die Kempton Park Eisteddfodd deelgeneem en twee A's en twee A$^+$-e verwerf. Sy het ook die *Country*-afdeling gewen.

# SPORT

## GHOLF

Die tweede span het in die finaal van die Gauteng-Noord Afdeling C gespeel en algeheel tweede geëindig.

## SAGTEBAL

Die uitslae van verlede Saterdag se ligafinaal is as volg:

| Span | Opponente | Telling | Posisie |
|---|---|---|---|
| o. 14A | Wagpos | 11 – 10 | 1 |
| o. 15A | CR Swart | 12 – 11 | 1 |
| o. 16A | Rietondale | 8 – 17 | 2 |
| 1ste | Rietondale | 27 – 12 | 3 |

Baie geluk aan al ons spanne met 'n suksesvolle seisoen en in besonder die twee ligawenners.

## SWEM

Ivan Kymdell het die afgelope naweek by die OR Tambo Games by Hillcrest drie goue medaljes (50 m-, 100 m- en 200 m-rugslag) asook drie silwer medaljes (100 m-, 200 m-vryslag en 50 m-vlinderslag) gewen.

Lance Cromhout het tydens die BRICS o. 20-gala in Durban die volgende prestasies bereik: brons in die 100 m- en 200 m-rugslag en in die 200 m-rugslag en 400 m-vryslag junior wêreldkwalifiserende tye geswem.

Sterkte aan al ons swemmers wat gedurende die Desembervakansie gaan deelneem. Die NTS-Burgemeestersgala en die NTS-kampioenskap vind in Desember plaas. Albei die galas sal van 12 tot 16 Desember by Hillcrest-swembad plaasvind.

## NETBAL

Die o.15 en eerste span se oefengroepe het die afgelope naweek aan die voorseisoense Triumph-toernooi by Cornwall Hill deelgeneem. Ons is veral trots op die eerste oefengroep wat puik presteer het en tweede teen sterk opposisie geëindig het.

Die uitslae was as volg:

| Wedstryd | Opponente | Telling |
|---|---|---|
| Groep 1 | Jeugland | 18 – 18 |
| Groep 2 | Wonderboom | 27 – 8 |
| Groep 3 | Dinamika | 13 – 23 |
| Groep 4 | Centurion | 25 – 1 |
| Semifinaal | Cornwall Hill College | 25 – 10 |
| Finaal | Dinamika | 20 – 32 |

Elmay Breet en Deoné du Plessis is in die onderskeie BRSI-spanne ingesluit wat in 2024 na Dubai toer.

## KRIEKET

Jonathan Wiseman is in die TITANS o. 15-provinsiale span ingesluit en neem in Desember aan die interprovinsiale toernooi deel.

## TENNIS

Jayden Summers het sy laaste wedstryd van die Gauteng-Noord-proewe gewen en sal, as die no.1-speler, die o.19-span by die interprovinsiale toernooi in Januarie verteenwoordig.

## SOKKER

Ons is trots op Antimo Picone wat ons eerste provinsiale sokkerspeler is wat die Football Association of Pretoria by 'n interprovinsiale toernooi in Johannesburg verteenwoordig het.

## ERKENNING VAN NIE-SKOOLSPORT

Ons wil graag erkenning gee aan leerders wat in nie-skoolsportaktiwiteite uitblink. U is welkom om enige bewys, inligting en sertifikate aan die hoof van sport, mnr Henry Verster (hverster@midstreamcollege.co.za), te stuur.

### HENGEL

Gareth Prinsloo is in die nasionale varswater o. 19B-span ingesluit.

### TWEEKAMP EN DRIEKAMP

Rupert Groenewald het onlangs by die SA Tweekamp- en Driekampkampioenskap gekwalifiseer om die Suid-Afrikaanse Moderne Vyfkampvereniging (SAMPA) by die UIPM-wêreldkampioenskap, wat tans in Indonesië plaasvind, te verteenwoordig.

### BAANSKIET

Magnus Bester het sy provinsiale kleure verwerf en aan 'n CHASA- (Confederation of Hunting Associations of South Africa) kompetisie in Bloemfontein deelgeneem.

### AKROBAAT

Kaitlyn McClintock en Milka Nieuwenhuis het provinsiale kleure (Gauteng-Noord-distrik) vir akrobaat vlak 8 ontvang en het ook aan die nasionale kampioenskap deelgeneem.

### GIMNASTIEK

Alexis Rademan het Gauteng-Noord by die Gimnastiek Suid-Afrika Vroue Artistieke-kampioenskap verteenwoordig.

### AKSIENETBAL

Lisa Botha en Carla Weir is albei vir die o. 15-Gauteng-Noord-aksienetbalspan gekies.

# ALGEMEEN

## TWEEDEHANDSE KLEREWINKEL

Die Midstream tweedehandse klerewinkel het 'n groot verskeidenheid skoolklere vir al die Midstream-skole. Die winkel is agter die Bondev-pawiljoen geleë en is gedurende skoolkwartale op Maandae en Woensdae van 07:00 tot 08:00 oop. Alternatiewe ure word op die WhatsApp-profiel geplaas. Kontak Hestha by 082 520 0478 vir meer inligting.

## KLEREWINKEL

Die winkelure tydens die vakansie is as volg:

- Tot 6 Desember: 07:00 – 16:00
- 7 & 8 Desember & 11 – 15 Desember: 08:00 – 16:00
- 16 Desember tot 3 Januarie: Gesluit
- 4 & 5 Januarie & 8 – 15 Januarie: 08:00 – 16:00
- 16 Januarie: 08:00 – 17:00
- Vanaf 17 Januarie: 07:00 – 17:00

Die winkel sal per afspraak op die volgende twee Saterdae oop wees (09:00 – 13:00):
9 Desember en 13 Januarie. (WhatsApp vir 'n afspraak: 064 937 0551.)

Nuwe ouers wat volledige skooldrag wil aanskaf word versoek om 'n uur daarvoor toe te laat. U word dus vriendelik versoek om nie net voor sluitingstyd by die winkel daarvoor op te daag nie.




**KOM ONS KOMMUNIKEER:**
Vir alle omsendbriewe, sowel as ander inligting, kan u ons besoek of kontak by:

- www.midstreamcollege.co.za
- Facebook (soek Midstream College)
- Instagram (midstream_college)

**VOLGENDE OMSENDBRIEF**
Donderdag 30 November 2023